Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderstеuning
Subdirektoraat: Leerdervervoerskemas

Verwysing: 20170531-1501
12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0004/2017

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Aansoeke om nuwe leerdervervoerdienste vir 2018 (nuwe dienste en addisionele leerders)

1. Skole word versoek om vanaf die derde kwartaal van 2017, uitsluitlik op 2018 se aansoeke om leerdervervoerdienste (LVS) te fokus. Die verwerking van LVS-aansoeke wat nog vir 2017 voorhande is, word tans gefinaliseer en skole word versoek om nie enige nuwe LVS-aansoeke vir 2017 in te dien nie.

2. Aansoeke om die instelling van **nuwe roetes** in Januarie 2018, moet teen **28 Julie 2017** by die betrokke kringbestuurder ingedien word.

3. Aansoeke om die insluiting van **addisionele leerders** op bestaande roetes in Januarie 2018, moet teen **11 Augustus 2017** by die betrokke kringbestuurder ingedien word.

4. Sodra skole vir die derde kwartaal van 2017 heropen, moet hulle begin om die volle gemotiveerde aansoeke voor te berei.

5. Daar word van die kringbestuurder verwag om te verifieer/te bepaal of leerders in skole of koshuise geplaas kan word. Die kringbestuurder moet ook Afdeling B van die aansoekvorm voltooi voor die insluiting van hierdie leerders by 'n vervoerskema oorweeg kan word.

6. Betrokke distriksamptenare sal die aansoeke verwerk soos benodig en die afgetekende aansoeke met roetekaarte teen **31 Augustus 2017** by die Direktoraat:

Inrigtingshulpbrononder steuning indien vir die aandag van mnr Keith Lackay, Adjunkdirekteur: LVS.

7. Vind asseblief hierby aangeheg 'n afskrif van die mees onlangse LVS-aansoekvorm, gedateer Julie 2015, wat vir die bogenoemde doel gebruik moet word. Verseker asseblief dat alle afdelings van die aansoekvorm voltooi word.

8. Dit is baie belangrik dat aansoeke vir nuwe roetes en addisionele leerders vroegtydig ontvang word sodat die dienste verwerk en op die eerste skooldag in 2018 beskikbaar gestel kan word.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: BEPLANNING
DATUM: 2017-06-09